

## ASPEKTE VAN DIE SIMBOLIESE INTERAKSIONISME AS METODOLO- GIESE BENADERING IN DIE SIOSIOLOGIE

Prof. J.H. van den Berg

### ABSTRACT

The author justifies his concern with the subject on the basis of the great confusion that reigned prior to the emergence of Positivism in Sociology. Following the statement that Positivism also proved inadequate, different research principles are discussed. This is followed by an evaluation of two methodological perspectives, viz. Symbolic Interactionism and Ethnomethodology.

Symbolic Interactionism is seen to incorporate the various dualisms of outward/inner and individual/society. Mead's attempted synthesis is then discussed. The relationship of this form of Sociology with so-called mainstream sociology is discussed.

The conclusion is reached that the truth lies somewhere between the extreme individualist Symbolic Interactionism and the extreme objective, collectivist Functionalism. Following a look at two current methodological points of departure, Positivism and a more phenomenological perspective, the author points out that the Christian will still experience awareness of guilt and confession as therapeutic pre-conditions.

### VERANTWOORDING

Jong loot wat dit is van die stam van sosiale wetenskappe, spog die sosiologie reeds met 'n indrukwekkende portrettegalerij van intellektuele meesters wat saam geywer het vir die daarstelling van 'n ewe indrukwekkende oeuvre van klassieke meesterwerke.

Koers 49(1) 1984

Die "pendelgang" van die klassiek-sosiologiese denke tussen teenstrydige en soms selfs onversoenbare of op die oog af onversoenbare teoretiese en metodologiese denkritzings was kenmerkend van die storm-en-drangperiode en groeipynstadia van sosiologies-teoretiese inkubasie. Dit is volkome te begrype, gesien teen die milieu en binne die kontekste van die pre-sosiologiese gistingstydperke: die Antieke; die Vroeg-Christelike; die Middeleeue; Renaissance en Reformasie; die Verligting en rewolusionêre tydperk. Dit alles het daartoe bygedra dat die vraag, naamlik hoe om die samelewing feitelik-wetenskaplik te bestudeer en te analiseer en ordelik te herorganiseer, hand oor hand in dringendheid, aktualiteit en akuutheid toegeneem het. Klemverskuiwings en -variasies het vrolik baljaar tussen die volgende dualismes en antinomieë: individu/groep; partikularisme/universalisme of kollektiwisme; rewolusie/reformasie; "Innerweltliche" asketisme/"Ausserweltliche" asketisme; pragmatisme/teoretisme; "Aufklärung"/Gegenaufklärung; rewolusie/restourasie; orde/voortgang; statika/dinamika. Enigsins omvangryke inventaris van soortgelyke begrippe pare kan met gemak opgestel word. Te midde van hierdie "verwarring het die Positivisme uiteindelik beslag gekry as die sogenaamde model-modus operandus.

Die tyd sou egter aantoon dat ook die Positivisme nie die finale antwoord is nie. Verdeeldhede sowel as konsensusse onder dissipels, apostels en profete van bogenoemde en nog vele ander uiteenlopende gedagterigtings is nog geensins iets van die verlede nie, en die "strydbyle" is nog lank nie begrawe nie. Van hierdie dilemmas sowel as gewillige lakeie daarvan, aangevul en bygestaan deur gekamoefleerde verskyningsvorme daarvan, pryk steeds prominent op die agendas van susiologiese gespreksforums, terwyl die laaste verhelderende woord binne intellekturele "arenas" hieroor stellig nog nie gespreek is nie (Van den Berg, 1981: 50-52).

## 'N TAAI PROBLEEM

Een van die hardnekkige sosiologies-metodologiese probleme wat die sosiologie en die sosioloog kasty, is naamlik om 'n konsekwente, egalige nie-strydige teoretiese perspektief te ontwikkel - noem dit 'n sambrel-perspektief - wat die gesamentlike ontleding van sosiaal-psigologiese en sosiologiese probleme sou toelaat of akkommodeer.

Die ontwikkeling van 'n komprehensiewe *metodologie* wat hom tot sodanige bevredigende ontleding sou kon leen, het 'n strydpunt gebly (Denzin, 1974: 259). Ten grondslag aan hierdie problematiek lê waarskynlik 'n soort metodologiese reduksionisme - 'n "teleskopering" van verklaringsmoontlikhede of -beginsels in "korsette" van sogenaamde een-idee-teorieë. Iets hiervan word onder andere deur Groenewald (1981: 16-18) aangeraak in sy onderskeiding van twee navorsingsbegin-sels of -benaderings, naamlik die *ideografiese benadering* teenoor die *nomotetiese benadering*. Die ideografiese benadering is daarop toegespits om een geval of gebeurtenis op 'n keer te bestudeer. Die ideografiese modus van verklaring sal dus 'n veelheid van faktore probeer inkorporeer, en die toereikendheid van so 'n verklaring word gewoonlik beoordeel op grond van die volledigheid van dié versameling van relevante faktore. 'n Ideografiese verklaring behels dus 'n evaluering van die bydrae van 'n veelheid van faktore/verskynsels wat gesamentlik beskou 'n totale verklaring vir 'n enkele gebeurtenis of verskynsel probeer bied, en hierdie verklaring word beoordeel in terme van die volledigheid van die weergawe.

Die nomotetiese benadering daarenteen, behels die studie van 'n veelheid van gevalle, gebeurtenisse of verskynsels in terme van faktore of veranderlikes wat moontlik in 'n oorsaaklike relasie tot mekaar staan. In plaas egter van die inkorporering van soveel moontlik faktore of verskynsels soos die geval is by die ideografiese benadering, word gepoog om veranderlikes of faktore te isoleer ten

einde die werking van ander uitgeslotte veranderlikes te elimineer sodat die presiese bydrae van die geïsoleerde veranderlikes tot die verskynsel bepaal kan word. Die nomotetiese benadering behels dus in teenstelling met die ideografiese benadering die minimalisering van faktore, dit wil sê die isolering van 'n relatief klein aantal oorsaaklike faktore op grond waarvan 'n verklaring aangebied word vir die meerderheid van gevalle ter sprake.

#### TWEE PERSPEKTIEWE

In die kontemporêre sosiologie is daar veral twee metodologiese perspektiewe wat probeer om die probleem, soos aanvanklik geskets, naamlik die ontwikkeling van 'n teoretiese perspektief wat hom kan leen tot die gesamentlike ontleding van sosiaal-psigologiese sowel as sosiologiese probleme, op te los, naamlik die *Simboliese Interaksionisme* en die *Etnometodologie*.

Omdat albei hierdie perspektiewe op die een of ander wyse op die individu fokus, voorsien hulle 'n visie op die sosiale werklikheid (samelewing) wat as subjektief en sosiaal-psigologies getypeer kan word. Vandaar ook dat George Herbert Mead (Zijderveld, 1976: 157-158) sy variasie van die Simboliese Interaksionisme, dit wil sê van sosiaal-psigologiese en sosiologiese teoretiseringe, die naam "sosiale behaviorisme" gee. 'n Ontleding van die Simboliese Interaksionisme bring onder meer aan die lig hoedat individue aaneenskakel, gevorm word deur die sosiale struktuur, en op hulle beurt weer hierdie sosiale struktuur tot stand bring en in stand hou.

#### TWEE DUALISMES

##### Uitwendig/inwendig

Eerstens poog die Simboliese Interaksionisme om die Cartesiaanse skeiding tussen 'inwendig' en 'uitwendig' op te hef. Gedrag word as interaksies tussen individue in groepsverband

gesien en bowe-al as *kommunikasie*, dit wil sê as betekenisvolle, simboliese interaksies. Daar kan nie soos by Pavlov en Watson gebeur het, stilgestaan word by die uitwendige gedrag van enkelinge nie, dog daar moet vanuit die uitwendige gedrag van enkelinge in groepsverband deurgewerk word na die ervaring, na bewussyn, na gees, na identiteit. Die bestaan van hierdie inwendige realiteite is deur die klassieke behavioriste weggereduseer omdat daar geen natuurwetenskaplike (kwantitatiewe) metodes bestaan om hierdie inwendige realiteite te ontleed nie, en is daar gevvolglik volstaan met die bestudering van waarneembare, meetbare 'uitwendige' gedrag.

Mead (Zijderveld, 1976: 158) beweer dat genoemde 'inwendige' realiteite of prosesse 'n verlengstuk is van 'uitwendige' gedrag en dus nie om metodiese redes weggereduseer kan en mag word nie. Die 'uitwendige' gedrag bring 'inwendige' prosesse voort, en wat daar tussen individue tydens interaksies gebeur, vind via die proses plaas wat Mead "taking the role of the other" noem. Oor hierdie "taking the role of the other" later ietwat meer.

#### Individu/samelewing

In Tweede hardnekkige dualisme wat deur die Simboliese Interaksionisme bestry word, is naamlik individu/samelewing. Die sosiale struktuur of samelewing veronderstel slegs een sosiale werklikheid, naamlik die sosiale gebeure van saamhandelende mense. Hierdeur knoop die Simboliese Interaksionisme ook die stryd aan teen die skeiding tussen individualistiese psigologie en strukturele sosiologie.

"Individu" en "samelewing" is selgs perspektiwiese begrippe wat nie soseer twee wyses van *syn* weergee nie, maar twee wyses van *sien*. Dit is dus nie twee fasette van die sosiale werklikheid nie, maar veronderstel eerder twee aspekte, dit wil sê die sosiale gebeure (sosiale werklikheid) kan vanuit die perspektief "individu" of

vanuit die perspektief "samelewing" beskou word. Dit gaan derhalwe hier om twee komplementêre wyses van sien wat slegs gesamentlik 'n "adekwate" visie op die sosiale werklikheid verskaf (Zijderveld, 1976: 159).

#### 'N SINTESE

Herbert Mead (Zijderveld, 1967: 159) probeer om genoemde twee perspektiewe in een teorie op te neem. Hy begin naamlik met die analise van voor-bewuste, semi-instinktiewe gebare ("gestures") wat deur uitwisseling ("conversation of gestures") tot bewuste, sinvolle interaksies ("meaningful interactions") uitgroei deurdat die interaksie-partners" mekaar se houdinge oorneem deur "taking the role of the other" en daardeur nie slegs tot mekaar in verhouding tree nie, dog tegelykertyd ook tot sigself, wat hy noem "the I and the Me in the social Self." Op hierdie wyse ontstaan dan betekenisvolle simbole, ontstaan daar sin ("meaning"), kommunikasie en self-ervaring ("self-consciousness"). Hierdie rolle of houdinge van ander wat ons in ons interaksies met hulle oorneem, is geen individuele of eenmalige houdinge of rolle nie; hulle is veel eerder aangeleerde groepshoudinge, sosiale verwagtinge wat in en deur die proses van sosialisering vanaf die prilste begin (uiteindelik deur middel van interaksies) aangeleer en oorgeneem word. Dit is dus verinnerlike of geinternaliseerde verwagtinge, tradisionele reaksies, of soos Mead dit noem "institusies". Hierdie "institusies" vorm 'n struktuur wat ons die sosiale orde of samelewing kan noem. Verder is hierdie institusies reeds daar voordat die individu gebore word en voordat hy deur middel van sosialisering aan bestaande interaksies gaan deelneem.

#### VERSKIL MET EN KRITIEK TEEN DIE "KONVENTIONELE" SOSIOLOGIE

Met "konvensionele sosiologie" word waarskynlik die strukturfunktionalisme bedoel, waarna Van Hoof (1977: 116) verwys as die "mainstream sociology". As alternatief vir die "main-

"stream sociology" staan die simboliese Interaksionisme in etlike opsigte afwysend daarteenoor, terwyl nie alle variante van die Simboliese Interaksionisme ewe afkerig daarvan staan nie.

Herbert Blumer (Stryker, 1980: 91-92), die invloedrykste stem in die Simboliese Interaksionisme sedert Herbert Mead, toon die opvallendste verskil met die konvensionele sosiologie soos volg aan:

Die konvensionele sosiologie bestudeer nie die samelewing in terme van sy *handelende eenhede* ("acting units") nie. Eerder beskou die konvensionele sosiologie die samelewing as struktuur of organisasie en sien handeling as 'n ekspressie van hierdie struktuur of organisasie waardeur die agerende of handelende eenhede en die interpretatiewe proses waardeur handeling opgebou word, oor die hoof gesien word. Die essensiële verskil tussen die konvensionele sosiologie en die Simboliese Interaksionisme is derhalwe geleë in eersgenoemde se bemoeienis met *organisasie* en laasgenoemde se bemoeienis met *handelende of agerende eenhede*. Vir eersgenoemde is *organisasie* die determinant van handeling; vir laasgenoemde is *organisasie* slegs die *raamwerk* waarbinne sosiale handeling plaasvind.

Ook Van Hoof (1977: 123-124) wys daarop dat Blumer hom vereenselwig met Mead se "karakterisering van die mens als 'een organisme met een self'", terwyl hy (p. 125-126) ook verder daarop wys dat deur hierdie uitgangspunt te kies in die proses van betekenisgewing, verskil die Simboliese Interaksionisme in essensiële punte van die meeste gangbare sosiologiese teorieë. In alle teorieë waarin norme, waardes, rolle, posisies, strukture en dies meer as determinante van gedrag op die voorgrond tree, gaan 'n mens verby die intermediérende prosesse van *interpretasie* en *betekenisgewing*. Daardeur ontstaan 'n deterministiese, meganistiese en automatistiese voorstelling van die handeling. Hiervolgens het individue wat bepaalde rolle vervul, slegs

twee alternatiewe: *konformering* of *afwyking* en vir sover die internalisering van waardes en norme nie vanself tot konformiteit lei nie, bestaan daar nog altyd *sanksies* om die tweede alternatief, naamlik *afwyking*, onaantreklik te maak. In hierdie visie bepaal rolle met hulle konstituerende norme regstreeks die gedrag: die gedrag word voorgestel as die min of meer *automatiese* opvolging van die verwagtinge wat mense ten opsigte van die betrokke rolbekleer koester en hierdie starre, onsoepele en deterministiese visie word deur die Simboliese Interaksionisme afgewys. Die *self* is volgens Simboliese Interaksionistiese opvatting, *aktief* en *kreatief* ... "there are no such ingredients as social, cultural, or psychological variables that 'determine' the actions of the self" (Wallace & Wolf, 1980: 225).

Herbert Mead lig die bostaande soos volg toe (Timasheff & Theodorson, 1976: 238): Hy onderskei twee analitiese aspekte van die *self*, naamlik die "me" en die "I". Die "me" van enige moment van die tyd is die situasionele manifestasie van die 'veralgemeende ander', dit wil sê van die georganiseerde stelle van samelewingstandaarde wat deur die individu geinternaliseer is. Die "me" sluit die norme, waardes, definisies en betekenis in wat deur die individu vanuit sy sosiale groep geinternaliseer is waardeur korrekte gedrag in 'n bepaalde situasie gewaarborg word. Vanuit die samelewing se standpunt beskou, is die "me" die meganisme van konformiteit en sosiale beheer binne die individu.

Die "I" aan die ander kant, verteenwoordig die spontane aspek van die *self*. Dit is nie-voorskriftelik en onvoorspelbaar (selfs vir die akteur) en gee 'n unieke, onbevange, individuele responsie op die situasie en op die "me". Elke mens verskil van elke ander mens, en norme en betekenis word dan verskillend geinterpreteer, soos deur die individu geinternaliseer.

Hieruit is dit duidelik dat die Simboliese Interaksionisme

nie ontken dat mense hulle oriënteer op die verwagtinge van ander nie. Immers, "role taking" is 'n essensiële onderdeel van die interaksieproses. Hier is egter geen sprake van *automatisme* nie. Vir die gedrag word ruimte gemaak vir die interpretasie van die situasie, die rolverwagting, maar ook van die *eie* rolvoorstelling, dit wil sê die bepaalde rolvoorstelling van die rol wat die *self* in die interaksiesituasie wens te speel. Die individu is dus nie slegs 'n "role taker" nie, maar ook 'n aktiewe "role maker". Om dit anders en eenvoudiger te stel: akteurs is volgens die Simboliese Interaksionisme nie slegs "padvinders" nie, maar ook "padmakers", waar daar nie 'n pad bestaan nie (Menzies, 1982: 30-31). Die individu is dus ook 'n "rolmaker" en die proses van die "role making" is 'n aktiewe, inventiewe "bezigheid die niets weg heeft van de uitvoering van door de samenleving opgelegde voorschriften" (Van Hoof, 1977: 126). Die mens verskyn in die Simboliese Interaksionisme as 'n aktiewe, handelende wese, as 'n "meaning maker" wat deur die proses van betekenisgewing in staat is om vorm aan sy omgewing te gee (Kinloch, 1977: 253-254).

Ook Turner (1982: 332-333) wys daarop dat Blumer as Simboliese Interaksionis 'n vurige aanval toods teen die konvensionele sosiologiese teorie en navorsing:

"Rather than letting the nature of the empirical world dictate the kinds of research strategies used in its study, Blumer and others have argued that present practices allow research strategies to determine what is to be studied: Instead of going to the empirical social world in the first and last instances, resort is made instead to a priori theoretical schemes, to sets of unverified concepts, and to canonized protocols of research procedure. These come to be the governing agents in dealing with the empirical social world, forcing research to serve their character and bending the empirical world to their premises."

Simboliese Interaksioniste wys daarop dat dit te dikwels gebeur dat die "giere" van navorsingsprotokol dien om navorsers en teoretici blind te maak vir die werklike karakter van die sosiale werklikheid. Sodanige navorsing en teoretiese protokols dwing ontleding weg van die ondersoek van die empiriese wêreld ten gunste van vooropgesette *denkbeelde* van wat waar is en hoe hierdie waarhede bestudeer behoort te word.

In teenstelling hiermee dikteer die prosesse van die Simboliese Interaksionisme dat die navorsingsmetodologie die karakter van die empiriese werklikheid moet respekteer en metodologiese procedures moet toepas wat die direkte en onbevooroordelde ondersoek daarvan moontlik maak.

Ten einde hierdie doel te verwesenlik, moet die navorsingsaktiwiteit self beskou word as *simboliese interaksie* waardeur die navorsers die rol(le) oorneem van daardie individue wat hulle bestudeer (Turner, 1982: 333). Dit is hier waar Max Weber se "*Verstehende benadering*" wat volgens MacIver (Timasheff, 1967: 176-177) berus op "imaginative reconstruction" van die ander se gedrag, en Herbert Mead se "taking the role of the other" as wyses van empatiese verplasing of die ontwikkeling van 'n soort "sosiale sensitiwiteit" deur die navorser ter sprake kom. Oor die metodologiese implikasies hiervan, sal aan die einde van hierdie artikel enkele opmerkings gemaak word.

In aansluiting by Van Hoof (1977: 123-124), verwys ook Evans (1977: 62-63) na die funksionalistiese samelewingsbeskouing as 'n "conception of society as an objective phenomenon which 'molds' the individual's behaviour ... and leads to far-reaching changes in human self-understanding if accepted as true." Hiervolgens word die individu in die samelewing *uit alle oorde omsingel*. 'n Verskeidenheid "social controls", waaronder wetlike strawwe, ekonomiese sanksies, portuurgroepsdruk, beperk die individu sy vryheid van keuse. Sosiale instellings soos die reg, opvoeding

en die huisgesin "are not invented by the individual" - intendeel, hulle is net so objektief tot die individu as die swaartekragwette.

Peter Berger (Evans, 1977: 63) som bogenoemde situasie treffend op as hy sê: "Most of the time the game has been 'fixed' long before we arrive on the scene. All that is left for us to do ... is to play it with more or with less enthusiasm. The professor stepping in front of his class, the judge pronouncing sentence, the preacher badgering his congregation, the commander ordering his troops into battle - all these are engaged in actions that have been predefined within very narrow limits. And impressive systems of controls and sanctions stand guard over these limits."

#### WAAR LÊ DIE WAARHEID?

Die waarheid is waarskynlik te vindeiewers tussen die ekstreme subjektiewe individualistiese Simboliese Interaksionisme en die ekstreme objektiewe, kollektiwistiese funksionalisme. Die individu en die samelewingsstaan immers nie eksterntot mekaar nie. Die samelewings beperk wel die individu, vanweë die feit dat dit 'n ordelike samelewings is waarin bepaalde norme, waardes, sedes en gebruikegeld, soos geïnstitutionaliseer. Maar die individu as unieke individualiteit - as unieke personale eenheid - beskik oor 'n mate van onafhanklikheid en outonomie. Die individu is egter aan die ander kant nie 'n outonome eenheid "who bumps up against an objective structure" (Evans, 1977: 65) nie, aangesien hy meesal nie teen hierdie struktuur "stamp" nie, want sy eie oortuigings, insluitende sy waarde- en normbesef - is deur hierdie struktuur help vorm.

#### TWEE METODOLOGIESE UITGANGSPUNTE

Die belangrikste twee breë teoretiese perspektiewe wat volgens verskillende skrywers (Schurink, 1981: 4) in

die sosiale wetenskappe onderskei kan word, is die *Positivisme* en die meer *fenomenologiese* perspektief. Hulle maak ook van verskillende navorsingsprosedures gebruik. "The positivist searches for 'facts' and 'causes' through such as survey questionnaires, inventories, and demographic analysis, which produce quantitative data and which allow him to statistically prove relationships between operationally defined variables. the phenomenologist seeks *understanding* through qualitative methods as participant observation (deelnemende waarneming), open-ended interviewing, and personal documents. These methods yield descriptive data which enable the phenomenologist to see the world as subjects see it." Daar word ook dikwels respektiewelik hierna verwys as *kwantitatiewe* en *kwalitatiewe* metodes met "harde" en "sagte" data onderskeidelik as resultaat.

Uit die bostaande uiteensetting van die benaderingswyse van die Simboliese Interaksionisme is dit duidelik dat dit hom fenomenologies wend tot die *kwalitatiewe metodologie*, om deur middel van empatie en simpatieke meelewing tot begrip te kom van die sosiale wêreld waarin individue beweeg, asook van hulle gewaarwordinge van dié wêreld.

Dit is waarskynlik 'n plus-punt van die Simboliese Interaksionisme dat die navorser deur middel van hierdie "sagte" tegnieke en 'n empatiese in- en meelewing met die omstandighede van die respondent, tot 'n beter begrip van sy probleem kan kom. Daar kan egter ook angels in hierdie benaderingswyse wees. In gevalle van die bestudering van afwykende gedrag, is die uitgangspunt hier byvoorbeeld soos volg:

Die daggaroker bevind hom uiteraard onder die veroordeling van die samelewing - so ook die lesbier en die manlike homoseksueel, die prostitute en dies meer. Gevolglik ontwikkel hierdie mense angst en psigoses waardeur hulle persoonlikhede ondermy word en onstabiliteit hulle verder die afgond in stuur. Gevolglik is deel van die terapie dat hulle in kontak met hulle sub-kultuur gebring moet word, sodat

hulle kan "leer" hoe om met hulle "afwyking" saam te leef en hoe om dit binne daardie sub-kultuur se "norme" te beoefen sonder om skuldgevoelens teervaar.

Waar die funksionalis 'n afwykingsverskynsel as "funkstioneel" wil rasionaliseer, daar wil die Simboliese Interaksionis die afwykende leer om sy afwyking te "aanvaar" en daarmee saam te leef deur identifikasie met sy subgroep. Vir die gelowige darenteen, is skuldbesef en skuldbelydenis 'n terapeutiese voorwaarde.

#### BIBLIOGRAFIE

- DENZIN, N.K. 1974. Symbolic interactionism and ethnomethodology. (*In* Douglas, J.D. (red.) *Understanding everyday life*. London: Routledge & Kegan Paul. p. 259-284).
- EVANS, C.S. 1977. Preserving the person. A look at the human sciences. Downers Grove, Illinois: Intervarsity Press 175 pp.
- GROENEWALD, J.P. 1981. Maatskaplike navorsing: ontwerp en ontleding. Pretoria: Academica. 103 pp.
- KINLOCH, G.C. 1977. Sociological theory. Its development and major paradigms. New York: McGraw-Hill. 319 pp.
- MENZIES, K. 1982. Sociological theory in use. London: Routledge & Kegan Paul. 250 pp.
- SCHURINK, W.J. 1981. Gay-vroue: 'n sosiologiese verkenning van die leefwyse van 'n aantal lesbiers aan die hand van autobiografiese sketse. Pretoria: Verslag van die SAISDK van die RGN. 123 pp.
- STRYKER, S. 1980. Symbolic interactionism. A social structural version. Menlo Park, California: The Benjamin/Cummings Publishing Co. 161 pp.
- TIMASHEFF, N.S. 1967. Sociological theory. Its nature and growth. New York: Random House. 350 pp.
- TIMASHEFF, N.S. 1976. Sociological theory. Its nature and growth. New York: Random House. 403 pp.

- TURNER, J.H. 1982. *The structure of sociological theory*. Illinois: Homewood. 488 pp.
- VAN DEN BERG, J.H. 1981. Die tweespalt in die ontstaan van die sosiologie. Kontoere vir 'n aktualiteitsgesprek. (*In* Referate gelewer tydens deelsittings by die veertiende jaarlikse kongres van SASOV op 14 en 15 Januarie 1981 by UNISA: SASOV. p. 50-55).
- VAN HOOF, J.J.B.M. 1977. *Symbolisch interactionisme*. (*In* Rademaker, L. & Bergman, H. red. *Sociologische stromingen*. Utrecht: Het Spectrum/Intermediar. p. 116-144.)
- WALLACE, R.A. & WOLF, A. 1980. *Contemporary sociological theory*. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall. 335 pp.
- ZIJDERVEL, A.C. 1976. George Herbert Mead. (*In* Rademaker, L. & Petersma, E. (red.) *Hoofdfiguren uit de sociologie. Deel I/Klassieken*. Utrecht: Het Spectrum. p. 156-173.)